LAERSKOOL HERBERT HURD **NOVEMBER 2019**
AFRIKAANS (EAT) V2 **GRAAD 6** **PUNTE 40**

Lees versigtig deur die instruksies.	Werk asseblief netjies.
Trek 'n lyn na elke afdeling.	Beantwoord al die vrae.

Afdeling A: Begripstoets en gedig Totaal 20 punte

WAT IS 'N BOELIE?

'n Boelie is iemand wat ander mense seermaak, lelike name noem, of hulle laat voel hulle is nie deel van die groep nie.

Soms is boelies arrogant, dink net aan hulleself en voel goed wanneer hulle ander aftakel. Boelies kan ook selfbewus of skaam oor iets wees en boelie ander om te voel hulle is in beheer en het mag.

Boelies terg of spot ander, noem hulle lelike name of kan selfs iemand slaan, pootjie, stoot, knyp of skop. Hulle dwing mense om iets te doen, neem hulle besittings af of beskadig dit. Boelies ignoreer hulle slagoffers, probeer hulle by die groep uitsluit, beskinder hulle, vertel leuens oor hulle en dreig hulle met boodskappe en SMS'e.

As iemand afgeknou word, moet hulle duidelik vir die boelie sê om op te hou. Soms weet hulle nie eers hoe seer hulle iemand maak nie. Probeer die boelie vermy of ignoreer. Moenie die afknouer probeer terugkry deur te skree, te slaan, of lelike dinge te sê nie. Praat daaroor. Vra hulp by onderwysers, of die skoolberader, of praat met jou ouers of ander volwassenes.

Beantwoord die vrae in volsinne.

1. Wat, volgens die leesstuk, is 'n boelie?
   Noem drie dinge. 3
2. Kies die regte antwoord.
   Slagoffers is 1
   - die persone wat geboelie word.
   - die persone wat ander boelie.
   - die persone wat ander terg.
3. Kies die regte antwoord.
   Om iemand te pootjie, beteken 1
   - om iemand te slaan.
   - om iemand te stamp.
   - om jou voet voor iemand se voete te steek.
4. Hoe kan 'n boelie iemand dreig?
   Noem twee dinge. 2
5. Hoe moet 'n mens reageer as jy afgeknou word? 2
6. Noem drie persone waar jy hulp kan kry as jy geboelie word. 3

Totaal 12

Die Witbroodjie

Ma grom, brom en raas,
tog bly Pa die baas.
Ouma is wys en grys,
Oupa hou van "Klippies" en ys!

Sus is lank en skraal,
dink sy's slim en ver van vaal.
Kleinboet met sy een voortand,
is 'n dom-astrant klein kalant.

Ek's die witbroodjie, soet en stil
en kan doen net wat ek wil.
Niemand raas ooit met my,
wat ek vra, kan ek kry!

Beantwoord die vrae in volsinne.

1. 'n Witbroodjie is iemand wat
   - van witbrood hou.
   - voorgetrek word.
   - geboelie word. 1
2. Haal 'n woord uit die gedig aan in strofe 1, wat dieselfde as "slim" beteken. 1
3. Sus is mollig (chubby). Hoekom is die stelling ONWAAR? 1
4. Noem die ses pare rymwoorde. 3
5. Van watter tipe rym word gebruik gemaak in die gedig? 2

Totaal 8

Afdeling B: Taal

1. <u>Skryf die sinne oor en vul die nodige lees- en skryftekens in kleur in.</u>

1. Meneer harris het gese: Julle mag gekleurde kouse met jul skooluniform dra.
2. Julia neem elke maandag klavierlesse.
3. My oe is blou.

6 x ½ = 3

2. <u>Skryf die volgende vrugte en groente alfabeties neer</u>.

blomkool	pere	wortels	granate	vye
koejawel	blaarslaai	perskes	mielies	lemoene

10 x ½ = 5

3. <u>Herrangskik die sinne volgens STOMPI.</u>

1. by haar huis / Sarah / haar huiswerk / gister / gedoen / het / vinnig.
2. om beter te doen / neem / Riley / ekstra klas.
3. byt / die stout seun / Die hond / sal.

3 x 1 = 3

4. <u>Skryf in die ontkennende vorm (negatief)</u>

1. Jade hou van Afrikaans.
2. Ek sing mooi.
3. Sit stil!

3 x 1 = 3

5. <u>Skryf die sinne oor in die verlede tyd.</u>

1. Fagan speel rugby.
2. Seth is stout in die klas.
3. Audrey betaal kontant vir die appel.
4. Dit reën hard.

4 x 1 = 4

6. Skryf in die toekomende tyd.

1. Fezile het 'n mooi hondjie.
2. Jessica leer vir die eksamens.
3. Katie en Emma gaan winkels toe. 3 x 1 = 3

7. Skryf die sinne in die lydende vorm en begin met die onderstreepte voorwerp.

1. Mia skryf die woorde op die bord.
2. Codey eet baie lekkers.
3. Dumisa dek die tafel. 3 x 1 = 3

8. Skryf die sinne in die direkte rede.

1. Keira sê dat sy van dans hou.
2. Georgia sê dat sy nie van rooi koeldrank hou nie.
3. Lutho vra of hy mooi skryf.

3 x 1 = 3

9. Skryf in die indirekte rede.

1. Juffrou Coetzer sê: "My klas is die beste."
2. Emily vra: "Mag ek koeldrank kry?"
3. Meneer Heydenrych sê: "Ek rig die krieketspan af."

3 x 1 = 3

10. Maak sinne met die homofoon-woorde om die verskil in betekenis te wys.

1. eis - ys
2. brei – bry
3. graad – graat 6 x 1 = 6

11. Maak twee sinne met elk van die homoniem-woorde om die verskil in betekenis te wys.

11.1 leer

11.2 noot 4 x 1 = 4

TOTAAL: 40 ÷ 2 = 20